

SPORT

FIETSRY

Fietsry en spesifiek Bergfietsry is besig om een van die sportsoorte te word wat die vinnigste groei, omdat dit vir die hele familie is. Fietsry is ook daar om die leerders te leer om individueel, asook in 'n groep deel te neem. Dit is 'n sport waar jy teen jouself kompeteer en ook teen ander kan kompeteer en dit alles op dieselfde tyd. Om buite rond te kan ry maak jou baie meer bewus van wat alles daar buite is.

DOEL VAN FIETSRY

Om Lardies Fietsry te neem na 'n vlak waar ander skole kennis neem van ons deelname. Om die leerders te help om beter te word in Fietsry en hulle soveel moontlik blootstelling te gee. Om deel te neem aan verskeie wedrenne en so ook families in te trek om saam met mamma, pappa, boetie en sussie te kan oefen en iets geniet.

HOEKOM AAN FIETSRY DEELNEEM?

Ons gaan deelneem aan die Skole Reeks en XCo Reeks waar skole teen mekaar deelneem en waar die kinders regtig kan leer hoe om net nog beter te word in die sport. Ons wil 'n kultuur skep waar kinders en ouers saam fietsry en fisies meer gesond is.



**TOOT
TOOT!!**

